T1.1 : TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER

TENDER 8/3/68-2026 MN256-2026: APPOINTMENT OF A PANEL OF CONTRACTORS TO PROVIDE CIVIL ENGINEERING SERVICES FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY UNTIL 30 JUNE 2029

TENDERS are hereby invited from competent and experienced contractors for the APPOINTMENT OF A PANEL OF CONTRACTORS TO PROVIDE CIVIL ENGINEERING SERVICES FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY UNTIL 30 JUNE 2029. **It is estimated that bidders should have a CIDB grading of 3CE or higher and must provide valid proof thereof.** CIDB registration shall be valid on the date of tender submission.

Bids, in sealed envelopes, clearly marked **"TENDER 8/3/68-2026 MN256-2026 APPOINTMENT OF A PANEL OF CONTRACTORS TO PROVIDE CIVIL ENGINEERING SERVICES FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY UNTIL 30 JUNE 2029",** must be placed in the tender box at the Municipal Offices, 13 Kerk Street, Piketberg no later than **12:00 on Tuesday, 15 December 2026** when the bids will be opened in public. **Bids addressed to any municipal official in his/her personal capacity will not be considered and will immediately be disqualified. It is the bidder's responsibility to make sure that bids are being placed in the tender box by courier companies. The Municipality will not be held accountable for any bids not being placed in the tender box by courier companies.**

Tender documents can be obtained during normal office hours from Monday to Friday from Bergrivier Municipality, 13 Kerk Street, Piketberg (Contact Mr. Coellin Julius at tel. no. (022) 913 6121 or email: juliusc@bergmun.org.za) at a cost of **R500.00 per set (Vat Inclusive). The amount must be deposited into the account of Bergrivier Municipality at Nedbank, Piketberg, Current Account No.: 116 976 1380, Branch 198765**. The reference number when doing payment is **T 8.3.68-2026 MN256-2026** Company Name. Proof of payment is necessary when collecting tender documents. **Documents will be available from Monday, 16 November 2026 at 09h00**.

All technical enquiries can be addressed to Mr. Cobus van der Merwe at tel. no. +27(0)76 211 9892 or e-mail: cobusvdm@udsafrica.co.za.

Tenders must be valid and binding for one hundred and fifty **(150) days** after closing date

A compulsory clarification meeting will be held on Wednesday, 25 September 2026 at 11h00 at Bergrivier Municipal Offices, 13 Kerk Street, Piketberg, 7320. Gate closes @ 11:10.

Bids will be evaluated using the Council's Supply Chain Management Policy. It is therefore compulsory that the Preference Point Claim form for the Preferential Procurement Regulations is completed in full to make application for preference points of **80 points for price, 10 points for specific participation goals and 10 points for BBBEE**. The **Bid price must be VAT inclusive**.

Bidders must be registered as a prospective supplier on National Treasury's Central Supplier Database (CSD). The Tax Clearance Certificate/ Tax Compliance Status (TCS) Pin/ Centralised Suppliers Database (CSD) Registration Number must be submitted together with the bid. Failure to submit a Tax Clearance Certificate/TCS Pin/CSD registration number may result in the invalidation of the bid. **Bidders must submit an originally certified B-BBEE Certificate / originally certified B-BBEE Sworn Affidavit**. **Failure to submit aforementioned will not render your bid non-responsive, but the bidder will score 0 points for B-BBEE.**

Only bids completed in **black handwritten ink** on the original Bid documentation will be accepted. Late, incomplete or Bids submitted by facsimile or email will not be accepted. Proof of submitting a Bid will not be accepted as proof of the Bid having been received. The Municipality is not obliged to accept the lowest or any Bid submitted to it. The Municipality reserves the right to accept any Bid in full or in part. If prices offered are cost effective Council reserves the right to procure more items to take financial advantage thereof.

MUNICIPAL OFFICES
13 KERK STREET
PIKETBERG
7320

ADV. HANLIE LINDE
MUNICIPAL MANAGER

MN256-2026

13 NOVEMBER 2026

T1.4

TENDER 8/3/68-2026 MN256-2026 : AANSTELLING VAN 'N PANEEL VAN KONTRAKTEURS OM SIVIELE INGENIEURSDIENSTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT TE LEWER TOT 30 JUNIE 2029

TENDERS word hiermee uitgenooi vir bekwame en ervare kontrakteurs vir die AANSTELLING VAN 'N PANEEL VAN KONTRAKTEURS OM SIVIELE INGENIEURSDIENSTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT TE LEWER TOT 30 JUNIE 2029. **Daar word beraam dat tenderaars 'n CIDB-gradering van 3CE of hoër moet hê en geldige bewys daarvan moet verskaf.** CIDB-registrasie moet geldig wees op die datum van tenderindiening.

Tenders, in verseëlde koeverte, duidelik gemerk met "**TENDER 8/3/68-2026 MN256-2026 AANSTELLING VAN 'N PANEEL VAN KONTRAKTEURS OM SIVIELE INGENIEURSDIENSTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT TE LEWER TOT 30 JUNIE 2029**", moet teen nie later as **12:00 op Dinsdag, 15 Desember 2026**, in die tenderbus by die Munisipale Kantore, 13 Kerkstraat, Piketberg, geplaas word, waarna die tenders in die openbaar geopen sal word. **Tenders gerig aan enige munisipale amptenaar in sy/haar persoonlike hoedanigheid sal nie oorweeg word nie en sal onmiddellik gediskwalifiseer word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die tenderaar om seker te maak dat tenders deur koeriersmaatskappye betyds in die tenderbus geplaas word. Die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik gehou word vir enige tenders wat nie deur koeriersmaatskappye in die tenderbus geplaas word nie.**

Tenderdokumente kan gedurende normale kantoorure van Maandag tot Vrydag verkry word vanaf die Bergrivier Munisipaliteit, 13 Kerkstraat, Piketberg (kontak Mnr. Coellin Julius by tel. nr. (022) 913 6121 of e-pos: juliusc@bergmun.org.za), teen 'n koste van **R500.00 per stel (BTW ingesluit). Die bedrag moet in die rekening van die Bergrivier Munisipaliteit by Nedbank, Piketberg, lopende rekening Nr.: 116 976 1380, Tak 198765, gedeponeer word**. Die verwysingsnommer wanneer betaling gedoen word, is **T 8/3/68-2026 MN256-2026** Maatskappy Naam. Bewys van betaling is noodsaaklik wanneer tenderdokumente opgetel word. **Dokumente sal beskikbaar wees vanaf Maandag, 16 November 2026 om 09:00**.

Alle tegniese navrae kan gerig word aan Mnr. Cobus van der Merwe by tel. nr. +27(0)76 211 9892 or e-mail: cobusvdm@udsafrica.co.za.

Tenders moet geldig en bindend wees vir honderd en vyftig **(150) dae** na die sluitingsdatum.

'n Verpligte uitklaringsvergadering sal gehou word op Woensdag, 25 November 2026 om 11:00 by die Bergrivier Munisipale kantore, 13 Kerk Straat in Pikerberg, 7320. Hek sluit om 11:10.

Tenders sal geëvalueer word deur die Raad se Voorsieningskettingbestuursbeleid te gebruik. Dit is dus verpligtend dat die Voorkeurpunt Eisvorm vir die Voorkeurverkrygingsregulasies volledig ingevul word om aansoek te doen vir voorkeurpunte van **80 punte vir prys, 10 punte vir spesifieke deelname doelwitte en 10 punte vir BBBEE**. Die **tender prys moet BTW insluit.**

Tenderaars moet geregistreer wees as 'n voornemende verskaffer op die Sentrale Verskaffer-databasis (CSD) van die Nasionale Tesourie. Die Belastingklaringsertifikaat / Belastingnakomingsstatus (BNS) Pin / Gesentraliseerde Verskaffersdatabasis (CSD) Registrasienommer moet saam met die tender ingedien word. Versuim om 'n Belastingklaringsertifikaat/BNS Pin/CSD-registrasienommer in te dien, kan tot die ongeldigverklaring van die tender lei. **Diensverskaffers moet 'n oorspronklik gesertifiseerde B-BBEE-sertifikaat / oorspronklik gesertifiseerde B-BBEE-beëdigde verklaring indien. Versuim om bogenoemde in te dien, sal nie jou bod onbruikbaar maak nie, maar die diensverskaffer sal 0 punte vir B-BBEE behaal**.

Slegs tenders wat voltooi is met swart handgeskrewe ink op die oorspronklike tenderdokumentasie sal aanvaar word. Laat, onvolledige of tenders wat per faksimilee of e-pos ingedien word, sal nie aanvaar word nie. Die bewys van die indiening van 'n tender sal nie aanvaar word as bewys dat die tender ontvang is nie. Die Munisipaliteit is nie verplig om die laagste of enige tender wat aan hom voorgelê word, te aanvaar nie. Die Munisipaliteit behou die reg voor om enige tender geheel of gedeeltelik te aanvaar. Indien die aangebiede pryse koste-effektief is, behou die Raad die reg voor om meer items aan te koop om finansiële voordeel te behaal.

MUNISIPALE KANTORE
13 KERKSTRAAT
PIKETBERG
7320

ADV. HANLIE LINDE
MUNISIPALE BESTUURDER

MN256-2026

13 NOVEMBER 2026